Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 7 | Kaapstad, Woensdag, 6 Oktober 1948 | No. 46

PRYS 3d.

## Dokumente Gevind

Van die reeks dokumente wat uit die Departement van Justisie vermis is, is die laaste nou teruggevind, volgens in die volksraad aangekondig is. Dit is 'n eksemplaar van die finale verslag van die Direkteur van Oorlogsvervolgings. Dit is deur bemiddeling van die Departement van die Eerste Minister by veldm. J. C. Smuts gevind.

## Polisie Ontdek Rooi Werkinge In Universiteite

**'n Hooggeplaaste polisie-offisier wat spesiaal deur die regering belas is met die ondersoek na Kommunisme in Suid-Afrika het aan die Minister van Justisie gerapporteer dat die Kommuniste in teenstelling met hul vorige optrede nou ondergronds gegaan het en aktief in selle organiseer. Twee bedrywige Kommunistiese selle aan die Universiteit van Witwatersrand en 'n skool in Kaapland is die afgelope tyd ontdek. Daarbenewens is ook aan ander universiteite persone gevind wat met die Kommuniste in verband staan.**

**Die verslag sou so 'n ernstige toestand van sake aan die lig gebring het dat die Minister onmiddellik gelas het dat die waaksaamheid van die polisie verdubbel moet word, en dit word verwag dat die personeel wat hiermee te doen het, versterk sal word.**

Die Minister het ook 'n konferensie belê wat deur die Kommissaris van Polisie bygewoon sal word. Aan hierdie konferensie sal alle inligting wat speurders in die verband ingesamel het, voorgelê word. Die polisie beskik ook oor inligting dat die Kommuniste in Suid-Afrika tans direk onder die leiding van Moskou werk en sou beslag gelê het op briewe wat langs 'n sekere kanaal uit Moskou na die Unie gestuur word.

# SPRAKE VAN SABOTASIE IN SPOORWEGDIENS

**Die bewering dat 'n deel van die anti-nasionale spoorwegpersoneel met 'n wydvertakte en georganiseerde sabotasieplan besig is om die nasionale regering by die publiek in onguns te laat verval, is teenoor Die O.B. deur verskillende persone in diens van die Spoorweë uitgespreek. Die feit dat hierdie inligting afkomstig is van uiteenlopende rigtings wat strek van die Vrystaat tot Oos-Kaapland is besonder betekenisvol.**

**Na beweer word gaan dit hier hoofsaaklik om die herstel van lokomotiewe deur die tegniese personeel wat vir die oorgrote meerderheid uit Engelssprekendes bestaan.**

**Daar sou, volgens die inligting, 'n verstandhouding tussen 'n deel van hierdie mense bestaan om die werk soveel as moontlik te vertraag sodat dit uiteidelik tot ontwrigting van die Spoorwegdiens en tot ergenis van die publiek sal lei.** Mense wat by voorbeeld trokke nodig het, sal dit al moeiliker vind om dit in die hande te kry omdat minder lokomotiewe beskikbaar is. Kaapstad sal by voorbeeld op dié wyse in die toekoms weereens voor 'n steenkoolkrisis te staan kom nieteenstaande min. Louw hom onlangs sterk uitgelaat het teen die periodieke steenkooltekorte wat in die Skiereiland gedurende die wintermaande ontstaan. Boere wat produkte en bouers wat materiaal moet vervoer, sal die regering uiteidelik verwyt vir die gebrekkige vervoerdiens wat lei tot verliese vir hulself en die land. Dit sou die plan agter die sabotasie-skema of nieamptelike sloerstaking wees.

### VOORBEELDE

Etlike voorbeelde van hierdie sloermetodes word genoem. Uit vergelykende syfers van een groot herstelloods blyk by voorbeeld dat daar in die maande onmiddellik voor die verkiesing elke maand gemiddeld vyf lokomotiewe voltooi is teenoor slegs drie vir elk van die maande Junie en Julie. Tydens die oorlog is in dieselfde loods tot soveel as 9 lokomotiewe gemiddeld per maand voltooi en wel deur 'n kleiner personeel. Daarbenewens toon die gemiddelde tyd wat aan 'n lokomotief bestee is, ook 'n aansienlike styging sedert 26 Mei. In April en Mei was dit by voorbeeld rondom 54 uur, terwyl dit vir die maande Junie en Julie skielik gestyg het na 63 uur en meer.

In 'n ander loods, so word beweer, staan daar al 'n lokomotief vier maande lank buite aksie terwyl hy binne vier dae herstel kon gewees het. Hy moes nuwe stoompype ontvang het — 'n werk wat, volgens mededeling van 'n masjinis, op sy langste vier dae moes geneem het. 'n Ander lokomotief was na 'n volle maand nog nie in diens nie terwyl die herstelwerk nie langer as 24 uur moes geduur het nie — dit was 'n kwessie van sekere ringe wat vervang moes word.

### IN SEE GEGOOI

Daar word beweer dat op Mosselbaai onderdele van lokomotiewe in die see gegooi is. Die persone wat dit gedoen het,

## Gemik Teen Nasionale Bewind

sou gesê het dat dit nou 'n Charlie Malan-spoorweg is — „and there it goes!"

Na verklaar word, is tussen 95 en 99 persent van die sweisers, passers, ketelmakers en draaiers Engelssprekendes van wie 'n groot deel die regering bitter vyandiggesind is. Hulle beskou hierdie soort sabotasie as hul besondere bydrae tot die toekomstige, en vir hulle hopelik spoedige, val van die regering.

Na verneem word is hierdie toestand onder die aandag van die Minister gebring en kan daar verwag word dat 'n ondersoek eersdaags na die klagtes ingestel sal word.

## NUWE TROKKE

Die eerste trokke van die sewe-duisend wat die Unie in Kanada bestel het, word tans by die spoorwegwerke te Uitenhage aanmekaar gesit. Onderdele vir sowat 400 trokke het reeds in Suid-Afrika aangekom en na verwagting sal sowat 25 per dag gemonteer word.

## UITSPRAAK MAANDAG

Die hofsaak wat spruit uit die apartheid op die treine in die Kaapse Skiereiland waarby 17 persone, blankes sowel as nieblankes, betrokke is, is verlede week afgeskuif en die uitspraak voorbehou tot 11 Oktober.

## K.G. BETER

**Die jongste berigte omtrent die toestand van die Kommandant-generaal meld dat daar aanmerklike beterskap ingetree het.**

**Hy is weer op die been, en die geneesheer het behandeling in plaas van 'n operasie voorgeskryf.**

## MALMESBURY SE REKORDBEDRAG: £100 MEER

**Die Vroue-kommando van Malmesbury het vanjaar £256 ingesamel vir O.B.-dag terwyl daar nog 'n paar pond uitstaande is wat die bedrag hoër sal opstoot. Die mannekommando het nog nie hul geld gestort nie en kollektelyste doen nog die ronde. Daar word verwag dat hierdie insameling die O.B.-dag-fondse van Malmesbury vanjaar oor die £300 sal stoot wat ongeveer £100 meer sal wees as verlede jaar.**



**Komdte. C. F. Lombard onder wie se leiding die Vroue-kommando so uitmuntend presteer het.**

Die kommando het besluit om nie 'n verkoping te hou nie en die geld van die vroue is hoofsaaklik ingesamel deur onthale by huwelike te reël. O.B.-dag is nogtans op 1 September op gesellige wyse gevier toe dr. Erika Theron, hoofvrou van Wes-Kaapland, die byeenkoms toegespreek het oor die kleurvraagstuk in Suid-Afrika en dit vergelyk het met haar ondervinding in Amerika. By die geleentheid is 'n vet lam wat deur genl. M. van Aarde geskenk is vir £8/10/- verkoop. Die lam is weer aan die kommando terug gegee en daar sal waarskynlik een van die dae nog 'n braaivleisfunksie gehou word.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## SENAAT MAAK GESKIEDENIS

Die president van die senaat, sen. C. A. van Niekerk, het verlede Vrydag geskiedenis gemaak toe hy tydens die komiteestadium sy stem uitgebring het as 'n gewone senator. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika dat dit gedoen is.

Sen. Van Niekerk was verplig om sy stem uit te bring ten einde te verhoed dat die regering verslaan word oor die Kieswetsontwerp wat die Opposisie wou verongeluk.

## GOEIE KORINGOESTE

Ten spyte van die droogte in Noord-Kaapland verwag die boere van Gordonia en Brandvlei goeie koringoeste. Gordonia wat jaarliks 50,000 sakke koring produseer, hoop om vanjaar 60,000 sak in te samel. Ook in distrikte soos Williston, en Verneukpan word goeie oeste verwag.

## VOORBEREIDING



**Met die oog op die onheilspellende internasionale toestand het Brittanje onlangs besluit om die demobilisasie van sy soldate te vertraag en om met 'n nuwe werwingsveldtog vir die land-, see-, en lugmagte te begin. Daar word veral besondere aandag geskenk aan die opleiding van manne vir die lugmag. Nuwe metodes en nuwe toerusting word tans gebruik om valskermtroepe op te lei waardeur die risiko wat aan 'n sprong verbonde is tot 'n groot mate uitgeskakel word. Voordat die manne toegelaat word om valskermsoldate te word, moet hulle eers 'n deeglike kursus met strawwe oefening ondergaan. Op die foto is 'n aantal rekrute by Aldershot besig om 'n stuk hout op te gooi en te vang.**

# Indrukke Van Afgelope Parlement

### Politiek in Oënskou deur Waarnemer

**Die eerste sitting van die tiende parlement het ten einde geloop.**

**Die nuwe regering wat op 26 Mei aan bewind geplaas is, onder toejuiging sowel as uitjouery, het klaar sy eerste buiging voor die volk gemaak — vir agt weke het nuwe spelers in die parlementêre hoofrolle opgetree — totdat Saterdag die gordyn gesak het oor die eerste bedryf. Diegene wat toegejuig het, het dit sonder voorbehoud gedoen en diegene wat uitgejou het, het dit onbeheersd gedoen.**

**Dit is egter altyd beste om nugter te dink en nugter te oordeel.**

Die wetgewing wat gedurende die sitting bespreek en aangeneem is, kan breedweg in drie hoofgroepe ingedeel word. Eerstens, wetgewing van 'n niekontensieuse aard; tweedens, wetgewing wat in verband met die begroting staan; en derdens, kleurwetgewing.

**FINANSIES**

Dit ly geen twyfel nie dat die vorige regering die land laat aanstruikel het tot baie naby 'n finansiële krisis. En by die bewindsaanvaarding deur die nuwe regering het dit duidelik geblyk dat die nuwe minister van finansies, mnr. N. C. Havenga, al sy natuurlike vernuf en al die wye ervaring waaroor hy beskik sal nodig hê om die land na finansiële normaliteit te lei. Tydens hierdie sitting het mnr. Havenga ten oorvloede bewys dat hy opgewasse is vir sy reusetaak.

Hy het met 'n berekende en gemotiveerde beleid voor die dag gekom. Hy erken 'n gevaarlike toestand — en lê die blaam waar dit tuishoort — maar terselfdertyd kondig hy doeltreffende maatreëls aan om dit die hoof te bied. En die opposisie kan geen beter of selfs alternatiewe maatreëls voorstel nie! Nêrens kan hulle 'n bres slaan in die skanse waarmee Havenga die toekoms wil beveilig nie.

**NUWE VERTROUE**

Hoewel mnr. Havenga vanselfsprekend nog nie sy uiteindelike doel bereik het nie, het hy beslis reeds daarin geslaag om 'n nuwe vertroue te wek in die finansiële integriteit van Suid-Afrika. Hoewel alles nog nie reg is nie, word allerweë gevoel dat 'n man aan die spits is wat besig is om dinge reg te maak.

Die wetgewing wat in verband met die begroting staan het beslis vir die regering goeie dividende afgewerp. Die regering se eie posisie is daardeur versterk en eweneens is daardeur 'n heilsame vertroue gewek in finansiële en industriële kringe.

**KLEUR**

Hoewel die regering se apartheidsbeleid allesins steun verdien, insonderheid die wetgewing insake die Indiërkwessie, glo ek tog dat die hantering van die kleurkwessie in die algemeen as minder geslaagd beskou moet word. Deur 'n weifelende standpunt in te neem en deur soms terug te krabbel op sy verkiesingsmanifes het die Eerste Minister die opposisie water op hulle meule gegee; en **deur die kleurvraagstuk lapsgewys aan te pak is aan die opposisie die kans gegee om die regering onnodig te karnuffel oor geïsoleerde aspekte van sy kleurbeleid.**

Die gevolg is dat die opposisie 'n vreeslike bohaai opgeskop het — eintlik oor niks. Maar dit het meegebring dat die verhouding tussen blank en nie-blank in ons land onrusbarend versteur is.

**NIE AFGEROND**

Vir hierdie ongelukkige verwikkeling, vrees ek, moet hoofsaaklik die opposisie maar ook die Eerste Minister 'n mate van verantwoordelikheid dra — die Eerste Minister omdat hy nie met 'n afgeronde en gebalanseerde kleurbeleid voor die dag gekom het nie, en die opposisie omdat hulle blykbaar gewillig is om die blankes by die nieblankes verdag te maak terwille van kleinlike partypolitieke gewin.

**PERS SE HOUDING**

Dit is vir my boonop bitter teleurstellend dat die dagbladpers in slaafse gedienstigheid aan die leiband van hul onderskeie partye loop. Geen koerant sien die splinter in sy eie party se oog nie maar elkeen sien tamaai balke in die ander party se oog. Ek het geen beswaar teen die aanwysing van die balke nie, maar in hemelsnaam wys tog ook 'n beskeie vinger na die splinter in die eie oog. Alleen hierdeur kan verhoed word dat 'n verkeerde koers onherroepelik gebaan word.

**UITSONDERING**

In verfrissende teenstelling met die partybeleid van die dagbladpers was die hoofartikel in die vorige aflewering van Dagbreek en Sondagnuus, die onafhanklike weekblad wat in Johannesburg uitgegee word. Ek wil dit ernstig by die regering aanbeveel om hierdie artikel te lees.

Die blad skryf: „Volledige en oordeelkundige toepassing van die apartheidsbeleid vereis dat 'n **geheelplan** (ek onderstreep) (vervolg op bladsy 6, kolom 2)

# Belg Wys Met Vinger Na Rus Voor V.V.O.

**„In elke land hou julle 'n vyfde kolonne in stand; Hitler se vyfde kolonne lyk in vergelyking daarmee soos 'n Padvinder-beweging," het die Belgiese minister van buitelandse sake, Spaak, Rusland verlede week op die V.V.O. beskuldig.**

**„Die grondslag van ons beleid is vrees — vrees vir julle, vrees vir julle regering en vrees vir julle beleid.**

**„Daar is geen land ter wêreld, met insluiting van Afrika en Asië, waar die Russiese regering se verteenwoordigers 'n geleentheid laat verbygaan om daardie land op morele, politieke en maatskaplike gebied te verswak nie," het hy verklaar.**

# Wil Kommunisme Net Beperk

Die kongres van die Australiese Arbeidsparty het 'n voorstel dat die Kommunistiese Party in die ban gedoen word, verwerp. 'n Voorstel dat stappe gedoen word om die invloed van die Kommuniste uit te wis, is deur die kongres aangeneem.

Die leier van die Australiese Kommuniste het kort gelede gesê dat hulle in geval van oorlog aan Rusland se kant sal veg.

# ORGANISASIE WAT BILLIKE REËLINGS SOEK VIR RASSE

**'n Organisasie wat hom ten doel stel om die rassevraagstukke in Suid-Afrika grondig en wetenskaplik te bestudeer, om 'n billike en regverdige reëling van rasse-aangeleenthede te bewerkstellig en om die belange van die blanke en nie-blanke groepe te bevorder, is in Kaapstad gestig deur deskundiges en leidende figure wat dit ernstig meen met die rasse-aangeleenthede in Suid-Afrika. Die organisasie staan bekend as die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleentheid (SABRA) en staan bo en buite die partypolitiek.**

Die organisasie stel hom op die standpunt van die aparte ontwikkeling van albei rasse; die blankes aan die een kant en die nie-blankes aan die ander, en wil die belange van dié bevolkingsgroepe beveilig. Geesdriftige steun is reeds deur sowel Engels- as Afrikaanssprekendes toegesê.

SABRA beoog verder die volle ontwikkeling van die naturellegebiede en die verskaffing van feite oor rasse-aangeleenthede in die buiteland. Ook sal die stigting van 'n afdeling of instituut vir die bestudering van rasse-vraagstukke deel van sy taak wees. Die organisasie doen 'n beroep op alle persone wat ernstig belang stel in die daarstelling van 'n gesonde rasse-verhouding, om hul steun te verleen. Die stigting van 'n soortgelyke organisasie onder die nie-blankes word ook in gedagte gehou.

**LEDE**


Die stigterslede van SABRA is:-

Ds. C. B. Brink, dr. N. Diederichs, L.V., dr. T. E. Dönges L.V., prof. dr. W. M. M. Eiselen, prof. dr. G. B. A. Gerdener; dr. C. G. Hall; ds. W. A. Malherbe; mnr. M. C. de Wet Nel, L.V., dr. W. Nicol, mnr. N. J. J. Olivier; mnr. H. R. Solomon; kol. C. F. Stallard; prof. dr. H. B. Thom; prof. dr. B. I. C. van Eeden; prof. J. C. van Rooy; dr. A. van Schalkwyk; mnr. J. H. Viljoen, L.V., mnr. H. O'K Webber.

Die ledegeld is £1 per jaar en mense wat wil aansluit of graag geldelike steun wil verleen, kan in verbinding tree met die Sekretaris, SABRA, Stellenbosch. Daar word voorsiening gemaak vir skenkerslede wat jaarliks £10 kan bydra, en lewenslede wat minstens £50 skenk wat ten volle of in vyf jaarlikse paaiemente betaal kan word. Verder kan liggame en organisasies aansluit as geaffilieerde lede teen 'n jaarlikse affiliasiegeld van minstens £10.


**Is Medisyne Noodsaaklik?**

*Die Natuurwetenskap sê nee!*



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES

Met Verbasende Uitslae

GEEN MEDISYNE!

GEEN OEFENINGE!

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD



DIE VOORTREKKER RUSBANK



- Dien as Tweelingbedde OF as Een Dubbelbed.
- Besorg u Volmaakte Slaapgerief.
- Verleen aan u Huis 'n Atmosfeer van Nuwerwetsheid.
- Los u Ruimte-vraagstuk op.
- Bypassende Stoele Verkrygbaar.

*KONTANTPRYS £35 5s.*

DEPOSITO £4/16/-

EN 24 PAAIEMENTE VAN £1/13/6

Die voordeligste vir enige man is PHIL MORKEL se afbetalingsplan.

Phil Morkel

★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23

GROOTE KERK-WANDELGANG KAAPSTAD

POSBUS 2721 OOK BELLVILLE EN PAARL



*Ons koop by hulle wat in ons blad adverteer*





WEES BESKERM!

*INBRAAK-Assuransie by—*

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

**Brief aan My Partyvriend:**

# Die Spies van Saul Nog Voor die Koningskap

Geagte Vriend, Ter aansluiting by wat ek verlede week geskryf het, wil ek net kortliks probeer aantoon waarom die Britse Parlementêre stelsel nie in staat is om resultate te lewer nie. Per slot van sake word die volk deur hierdie stelsel in twee hoofgroepe verdeel om mekaar teen te staan, en in daardie teenstand verdwyn alle welwillendheid.

Die groot moeilkiheid is dat hierdie stelsel nie rekening hou met die sondige natuur van die mens nie. Die kenmerk van die sonde is dat dit opbreek en vernietig, dit is een groot opbrekingsproses. Wanneer jy dus met sondige wesens te doen het, soos die mens is, moet jy in gedagte hou dat hul neiging steeds sal wees om op te breek, d.w.s. mekaar te haat en te vernietig —hetsy met die swaard of die tong. **Die man wil opbou — wat iets goeds in die lewe wil doen — sal dus in die eerste plaas standpunt moet inneem teen die opbrekende neiging van die sonde. In plaas van haat moet hy liefde preek; in plaas van vervolging, verdraagsaamheid, en in plaas van stryd teen die medemens, vergiffenis. Dit is dan ook die weg van die Christelike kerk, wat een groot stryd voer teen die opbrekingsproses van die sonde.**

### BLAAS AAN

Maar nou is daar in ons land 'n stelsel vanuit Engeland ingevoer wat geen rekening hoegenaamd hou met die sonde van die mens nie — daardie proses van opbreking wat by elke mens aanwesig is. **Dit is 'n stelsel wat mens teenoor mens mobiliseer in 'n stryd wat per slot van sake oor sekere posisies gaan.** Die een deel van die volk wat ingeskakel is by die „amptelike opposisie" — of „Sy Majesteit se Opposisie," soos dit in Engeland heet — bekleë 'n minderwaardige posisie in die staatsbestuur. Hulle het alleen die reg van kritiek, maar neem geen deel aan die bestuur van die land nie. Hulle is uitgesluit en verkeer in die „woestyn" totdat hulle 'n verkiesing wen, wanneer die ander weer die woestyn ingejaag word. **En om oor posisies te veg is een van die gevaarlikste dinge in die lewe. Dit maak van die beste mens baie maklik 'n groot skurk.**

### KYK NA SAUL

Kom ons neem die voorbeeld van Saul. Hier het ons 'n prag van 'n man. Nadat hy deur die profeet tot koning gesalf is, het hy dit nie eens vir sy familie vertel nie, so nederig was hy. En toe hy uiteindelik tot koning uitgeroep word, het hy gaan wegkruip—so min het hy homself gesoek. **En tog, 'n bietjie later het hierdie groothartige en nederige held so posisie-bewus geword dat hy nie kon verdra dat die vroue sing „Saul het sy duisende verslaan maar Dawid sy tienduisende" nie. Toe het hierdie man wat eens op 'n tyd gaan wegkruip het vir die koningskap sy spies opgetel en dit gegooi na die man wat sy opvolger sou word.**

### GAAN NIE WEGKRUIP

Hoeveel voorbeelde hiervan kan ons nie in ons eie partypolitieke geskiedenis opnoem nie! En geen wonder ook nie, **want baie min van ons gaan in die begin nog wegkruip vir die die koningskap.** Meeste van ons maak groot propaganda vir onsself wanneer dit gaan oor 'n posisie, en hierdie gesindheid word nog aangehelp deur die partypolitiek waar dit van jou verwag word om met baie groot gebaar jou eie trompetter te blaas. En nou spreek dit vanself dat wanneer mense wat Saul se mindere is, deur 'n stelsel daartoe geroep word om teen mekaar te wedywer om die koningskap — of staatsbewind soos ons dit in hedendaagse terme sal noem — die spies nie eers op 'n later stadium gewerp sal word nie, maar sommer van die begin af. **En hoeveel manne is nie al in ons politieke lewe deur die spies van belastering en beskindering aaklig verwond en in sommige gevalle selfs doodgemaak nie? En sodra hy dood is — daardie man wat tot die dag voor sy dood nog as 'n gevaar vir die volk voorgeskilder was — staan een na die ander op en betreur die heengaan van die goeie Afrikaner, „een van die grootstes van ons volk." Sodra hy uit die „partypolitieke arena" — soos dr. Malan dit noem — verdwyn het, kan 'n man weer na waarde geprys word. Dan is die reëls van die parlementêre spel nie meer op hom van toepassing nie. Dan kan sy gedagtes maar lewe, want hy is dood en sy setel vakant.**

### AANGEWAKKER

Nou wil ek nie beweer dat hierdie naywer en jaloesie nie in ander stelsels ook aanwesig kan wees nie. Inteendeel, ek het juis aan die begin gesê dat dit die kenmerk van die sonde is en die sonde is oral. Maar die verskil is dat in die parlementêre stelsel, waar die een groep leiers totaal uitgesluit is en dus gedwing word om oorlog te voer terwille van 'n sitplek in die bewind, hierdie sonde nie teengewerk maar grootliks aangewakker word. **Jy gooi hier vet op die vuur van die sonde.**

### ANDERS IN REPUBLIEK

In die Boererepublieke was dit anders. Daar was geen partystelsel nie, en die kandidate het toe minstens 'n vertoon van beskeidenheid en naasteliefde gegee indien dit dan nie in alle gevalle eg was nie. **So byvoorbeeld het pres. Steyn, toe hy indertyd gevra is om as kandidaat te staan en sy ondersteuners by hom aangedring het om ook 'n verkiesingsveldtog te voer, geantwoord dat die posisie hom moet soek en nie hy die posisie nie.** Hierdie woorde staan opgeteken in wyle dr. N. J. van der Merwe se lewensbeskrywing van die president. **En ook pres. Kruger het, toe hy gevra is om as kandidaat te staan, geantwoord dat hy reeds rekwisisie vir „ons Kommandant-generaal Piet Joubert" onderteken het en dat „indien dit my nie geluk om hom verkies te kry nie . . ." en dan volg die beleid wat hy voorstaan.**

Ons voel dus dat in hierdie Boerestelsel waar daar ook verskil van mening was en seker ook naywer en jaloesie, daar ten minste gepoog is om daardie sonde teen te werk. So by voorbeeld het pres. Kruger nie net self sy teenstander genomineer (vervolg op bladsy 6, kolom 2)

## APARTHEID OP BUSSE

Die regering sal 'n aanbeveling oor apartheid op busse ernstig moet oorweeg, het die Eerste Minister in die senaat verklaar. Dr. Malan het ook daarin herinner dat in die verslag van die Page-kommissie wat deur die vorige regering aangestel is, 'n aanbeveling voorkom dat apartheid op busse verlang word.

# REGISTRASIE VAN BOERE IN SIG

**Die ideaal van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie om alle boere te laat registreer teen betaling van 'n vasgestelde fooi, skyn nader aan verwesenliking te wees met die nuwe regering aan bewind. Na verneem word, het die Landbou-unie reeds 'n konsep-wetsontwerp opgestel wat aan die Minister van Landbou voorgelê sal word. Die Minister het hom nog nie daaroor uitgespreek nie, maar verwag word dat hy dit gunstig sal ontvang.**

As grondslag vir die wetsontwerp is die Rhodesiese wetgewing gebruik (Wet no. 21 van 1942) met die nodige aanpassing vir toestande in die Unie. Hiervolgens sal alle boere lisensiehouers word en die gelde sal deur die Landbou-unie gebruik word vir die bevordering van boerebelange. Die Minister sal die hoogste seggenskap oor die besteding van die geld hê, en alleen uitgawes wat hy magtig sal toegelaat word.

Die registrasie van boere het verder ten doel om te verseker dat die landboubedryf behoorlik georganiseer word en dat daar genoeg fondse vir hierdie doel sal wees. Dit sal ook die praktyk uitskakel dat boere wat nie aan landbou-verenigings behoort nie, die vrugte pluk van die werk wat die landbou-organisasies doen, sonder om daarvoor te betaal.

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**DKB**
**GROOTHANDELAARS BPK.**
**(Voorheen Die Kopersbond Bpk.)**
**KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD**
**FOON 3-0423 POSBUS 2120**

***DAMESROKSTOWWE:***
Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

***HEMDE:***
Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

**Verspreiders van TOOTAL Fabriekate.**



DIE O.B., WOENSDAG, 6 OKTOBER 1948

# BEREI EERS VOOR

**In dieselfde week dat in die pers aankondiging gedoen is van 'n organisasie wat hom op die reëling van rasseverhoudings gaan toelê en wel op die grondslag van skeiding (berig elders), is ook van partypolitieke kant aanduiding gegee dat die aanstaande provinsiale verkiesings gebruik sal word as 'n uitspraak ten opsigte van die verteenwoordiging van naturelle in die parlement. Op die oog wil dit lyk of ons hier met aanverwante sake te doen het — die een liggaam wat studeer, en die ander wat dieselfde standpunt wil toepas in die praktyk. Na regte behoort dit ook so te wees, en daarom wil ons hoop dat sowel die belangstellende publiek as die regering hierdie nuwe stigting na waarde sal skat.**

Maar die kleurvraagstuk is nie net 'n kwessie van reisgerief of politieke verteenwoordiging nie, en selfs ook nie van deurmekaar-wonery of nie deurmekaar-wonery nie. **Dit is in die eerste plaas 'n saak van onderlinge verhouding, en selfs al sou ons by voorbeeld die naturel teen sy sin uitdwing na aparte gebiede, dan nog is die vraagstuk nie „opgelos" nie, omdat selfs die Vrystaatse Republiek op so 'n grondslag nog sy naturellevraagstuk gehad het in die vorm van voortdurende invalle van vyandelike Basoeto's. Eers as die verhoudings tussen die rasse — hetsy binne dieselfde of in afsonderlike gebiede — gesond is, dan is daar geen vraagstuk nie. En omdat ons en die merendeel van die volk glo dat so 'n gesonde verhouding alleen op die grondslag van aparte ontwikkeling moontlik is, daarom is ons voorstanders van apartheid en kan die nasionale regering ook staat maak op ons steun vir sy beleid van segregasie.**

## Nie Oorhaastig

Dit beteken egter nie dat elke segregasie-maatreël van die regering deur ons blindelings goedgekeur of ondersteun kan word nie. **As so 'n maatreël nie bevorderend is vir die uiteindelike gesonde rasseverhouding nie, dan kan ons terwille van die gewete en gesonde verstand nie so 'n maatreël goedkeur nie.** Dit is die plig van dié deel van die volk wat oor die beginsel eners dink om die regering van die nodige inligting en welwillende kritiek te voorsien, en as die regering dit ernstig meen met hierdie vraagstuk, sal hy ook opbouende kritiek verwelkom.

En as ons dan iets mag sê, dan wil ons die regering dringend versoek om die kwessie van politieke verteenwoordiging nie oorhaastig aan te pak en daardeur onherroepelike skade te veroorsaak aan 'n saak wat uiters delikate hantering vereis nie. Ons vrees dat met uitsondering van die onderwysbegroting van dr. Stals die kleurmaatreëls van die regering totsover te negatief was — en daarom slegs water op die meule van die agitators.

As daar negatief opgetree moet word in hierdie stadium, dan moet dit gerig wees teen diegene wie se enigste oogmerk dit is om rassestryd aan te blaas. **Trouens, ons meen dat uitskakeling van die kommunistiese en party-agitators 'n voorvereiste is vir enige gesonde reëling tussen blank en gekleurd. Maar 'n grondvereiste vir enige optrede moet in elk geval wees dat dit die vertroue van die nie-blanke in die witman sal sterk en nie skok nie, en hoe die regering in hierdie atmosfeer van opsweping enige blywende goed kan verrig met maatreëls wat in die eerste plaas 'n wegneming van regte of gewaande regte is, kan ons nie sien nie.**

## Verkenning

Geen groot slag word gelewer sonder behoorlike verkenning en voorbereidende vuur nie. Met patrolliegevegte kan 'n sterk vyand nie verslaan word nie. Die regering is vandag in 'n posisie om daardie verkenning en voorbereiding te laat plaasvind. Hy het die innerlike steun van die grootste deel van blanke bevolking agter hom en slegs die partypolitiek is verantwoordelik vir die teenstand van die res. Hy kan ook die steun kry van 'n baie groot deel — indien nie ook die grootste nie — van die nie-blanke bevolking as die saak op die regte manier en met behoorlike inagneming van die nie-blankes aangepak word.

Waar daar nou 'n organisasie gestig is wat hierdie voorbereiding wil doen, kan die regering daarvan die grootste gebruik maak. Laat daar die nouste samewerking wees tussen die staat en hierdie volksorgaan. **Intussen kan die regering ook sy eie voorbereiding doen met die nodige propaganda. Ons dink by voorbeeld aan die radio; dit is 'n middel waarmee tot in die hart van die naturellestreke deurgedring kan word om aan die naturelle die ideale van segregasie te verduidelik.**

Ons meen dat die volk genoegsame vertroue in die huidige bewind het wat sy kleurbeleid betref, om nie op oorhaastige maatreëls, wat uiteindelik die saak mag verbrou en tot die val van die regering self mag lei, aan te dring nie.

# WÊRELDVREDE VERDER WEG AS OOIT

*Buitelandse Oorsig Deur*
*Prof. Dr. J. A. Wiid*

**Wat vandag in die wêreld bekend staan as die Berlynse krisis het gedurende die afgelope maand 'n nuwe stadium van verslegting bereik. Die langdurige onderhandelings wat in Moskou en later in Berlyn deur Amerikaanse, Britse, Franse en Russiese verteenwoordigers gevoer is, het op treurige mislukkings uitgeloop. Behalwe mislukkings is die enigste resultate van die onderhandelings nare verwyte oor en weer en die besluit van die Westerse moondhede om die Berlynse geskil eersdaags aan die Veiligheidsraad van die V.V.O. voor te lê. Die Berlynse geskil is egter slegs een van die baie kruitvaatjies wat gereed lê om die massa ontvlambare materiaal aan die brand te steek en gevolglik 'n nuwe wêreldramp te veroorsaak. Die atoombom en die internasionale beheer daaroor is 'n ander kruitvaatjie wat die kragmeting tussen die Weste en die Ooste ontplofbaar maak. Die groot geskil tussen die Weste en die Ooste gaan egter veel verder en veel dieper as die Berlynse krisis en die atoombom. Dit gaan in werklikheid oor wêreldbaasskap, al noem Amerika en Rusland dit nie by hierdie naam nie.**

### BERLYNSE GESKIL VOOR VEILIGHEIDSRAAD

By die tyd dat hierdie artikel in druk verskyn, sal die Berlynse krisis reeds aan die Veiligheidsraad voorgelê wees. Op die oomblik is diplomatieke deskundiges nog onseker oor watter teenmaatreëls die Russe gaan tref of wat die V.V.O. daaromtrent kan doen. Dit is waarskynlik dat die Russe in die prosedurestadium sal vasskop deur te ontken dat die Berlynse geskil werklik 'n gevaar vir die wêreldvrede is, deur hul eie hande in onskuld te was en alle blaam op die Westerse moondhede te laai en eindelik deur 'n konferensie van die buitelandse ministers van Amerika, Brittanje, Frankryk en Rusland voor te stel om opnuut op die Berlyn-Duitse vraagstuk in te gaan.

Dit is ook moontlik dat die Russe, soos in 1946, met die behandeling van die Persiese vraagstuk, uit die Veiligheidsraad sal uitstap. Dit sal egter alleen gebeur as die Russe in die prosedure-kwessie die neerlaag ly. 'n Dergelike neerlaag lyk seker aangesien kwessies van prosedure nie aan die veto onderworpe is nie.

Maar selfs as die Westerse moondhede in die Veiligheidsraad in die kwessie van prosedure 'n oorwinning behaal het en die Raad bevind het dat die Russiese optrede in Berlyn 'n bedreiging van die vrede is, dan is dit nog heel onseker wat die volgende stap gaan wees. Sal daar weer konferensies gehou word of sal artikel 41 van die Handves van die V.V.O. toegepas word? Volgens hierdie artikel word daar voorsiening gemaak vir die gedeeltelike of algehele onderbreking van ekonomiese betrekkings en verbindings ter see, per spoor en in ander opsigte, as ook die verbreking van diplomatieke betrekkinge.

Hoewel dit twyfelagtig is of die V.V.O. so ver sal gaan en indien wel of dit veel indruk op Moskou en sy satelliete sal maak, sal die Westerse moondhede nogtans genoeë kan neem in die propagandistiese oorwinning wat hulle in die hoogste internasionale liggaam soos die V.V.O. behaal het. 'n Dergelike oorwinning is baie waardevol vir die volgende stap.

### BESKULDIGINGS EN TEENBESKULDIGINGS

Intussen sal die wêreld nog altyd deur 'n vloedgolf van beskuldigings en teen-beskuldigings oorweldig word. Terwyl die Weste in die Russiese doen en late die oorsaak van al die Duitse en wêreldmoeilikhede sien, beweer Moskou presies die teenoorgestelde. Hierdie beskuldigings en teen-beskuldigings mag wel propagandawaarde, veral in Duitsland, besit, maar op die langer duur kan hulle tog geen oplossing bring nie.

In hierdie „koue oorlog" maneuvreer albei kante nog om strategiese posisies en om tyd te wen. Die Weste vermoed dat dit agter die ystergordyn nie alles pluis is nie. Die kommunistiese front sou aan die verbrokkel wees en met die tyd as bondgenoot sal 'n „koue oorlog" genoeg wees om 'n volslae oorwinning te behaal.

Moskou weer sien in die nywerheids- en regeringskrisisse, in die kommunistiese vyfde kolonnes en verdeeldhede van die Weste soveel tekens van inherente swakheid. Met die tyd as bondgenoot sal 'n „koue oorlog" ook vir Rusland genoeg wees om 'n volslae oorwinning te behaal.

### DIE ATOOMBOM

Dit is egter kenmerkend van „koue oorloë" dat hulle nie altyd „koue oorloë" bly nie maar voortdurend bydra tot die verslegting van internasionale verhoudings en uiteindelik op werklike oorloë uitloop. Hierdie ontwikkeling van „koue oorlog" tot „warme oorlog" dring vandag tot die bewussyn van meer en meer mense deur. Dit kan nie ontken word dat die oorlogspsigose by die dag veld wen nie. Weereens word reusagtige bedrae aan oorlogstuig bestee. Die wêreld word meer 'n gewapende laer. Oor nuwe en dodeliker wapens word daagliks in die koerante gelees. Onder hierdie nuwe wapens speel atoombomme en atoomkrag 'n vername rol.

In die V.S.A., die tuiste van die atoombom, word daar sedert lang gepraat oor die „stapel" van hierdie moordtuie wat opgebou word. In die jongste tyd maak ook Rusland meer en meer daarop aanspraak dat die atoombom nie langer 'n Amerikaanse monopolie is nie. Is dit propaganda-bluf? Hierdie vraag mag nie bevestigend beantwoord word nie.

Dit staan vas dat daar vandag rekening gehou moet word met die waarskynlikheid dat die wêreld op die vooraand van 'n derde wêreldoorlog staan en dat die oorlogvoerendes van môre oor moordtuie sal beskik in vergelyking waarmee die wapens van gister betreklik onskadelik was. Dit lyk of 'n bebloede en gehawende mensheid vandag op die vooraand van 'n vreeslike katastrofe staan waaruit alleen 'n godswonder hom kan red.

### ROOSEVELT SE STOMMITEIT

Daar sal wel baie mense wees wat hulle met die oorsake van hierdie ellendige toekoms besighou. In die V.S.A. het twee vertroude vriende van Roosevelt oor die President se Russiese politiek sedert 1941 'n verdoemende oordeel uitgespreek. Volgens William Bullitt, gewese Amerikaanse gesant in Moskou en Harry Hopkins wat Roosevelt se vernaamste raadgewer by Yalta was, het die President probeer om Stalin se steun en goeie gesindheid te wen deur alles aan hom toe te staan. Deur verreggaande toegewings in Asië sowel as in Europa aan Stalin is Roosevelt meer as enige ander persoon verantwoordelik vir die huidige moeilikhede met Rusland. **Net soos 'n Wilson in in 1919 het ook 'n Roosevelt sedert 1941 die oorlog gewen maar die vrede verloor.** Vir hierdie misdadige stommiteit sal die wêreld waarskynlik duur moet betaal. Die huidige Amerikaanse toenadering tot die vergruisde en „melaatse" Franco van Spanje openbaar 'n bietjie nugterheid." Hoe anders kon die wêreld nie maar vandag gewees het nie as dergelike nugterheid teenoor Duitsland, die vernaamste bolwerk teen die kommunistiese Rusland, sedert 1941 aan die dag gelê is!


★ O.B.-FUNKSIE ★

**BARRYDALE**

**Saterdag, 9 Oktober**

- **BASAAR om Halfelf vm.**
- **KOUE ETE om Een-uur.**
- **AANDETE om Ses-uur nm.**
- **VERGADERING om Seweuur nm.**

**Spreker:**
**Hoofgenl. MAX SMUTS**
***Almal Hartlik Welkom***

**OPENBARE VERGADERING**

***Onder beskerming van die Ossewabrandwag***

**DONDERDAG, 14 OKTOBER**

**OM 8 N.M. IN DIE**

**KERKSAAL — BELLVILLE**

**SPREKERS:**
**Gewese Senator Raubenheimer**
**A.K.G. J. A. Smith**

**WAG-INSPEKSIE ● O.B.-BLAASORKES**

***★ ALMAL WELKOM ★***

# AFRIKANERS EN DIE AFGELOPE OORLOG

„Derde Wêreld," **Kaapstad, skryf:** Die afgelope oorlog is geveg onder die slagkreet „Germania delenda est." Diegene van ons wat nie wou saamwerk om Duitsland te vernietig nie en wat gewaarsku het dat die oorlog net die weg vir Bolsjewisme sal oopmaak en derhalwe ons eie voortbestaan sal bedreig, is uitgeskel vir „Dutch bastards," „Fifth Column" e.d.m. — of anders in die interneringskampe gestop.

Die oorlog is toe geveg, Duitsland en Hitler is totaal vernietig — en die poorte van Europa oopgestel vir die kommunistiese hordes uit Asië.

Die afgelope tyd is hier by ons as gevolg van druk deur jingoes, liberaliste, en kommuniste, weereens allerhande verskonings gemaak oor die houding van die Afrikaners wat nie saam wou veg nie. Daar is selfs beweer dat die Afrikaners reeds voor die oorlog (toe Hitler geprobeer het om gebied wat voorheen aan Duitsland behoort het terug te kry) anti-Duits was!

As daar dan diegene was wat geskree het: „Duitsland moet vernietig word," en 'n ander groep wat nòg pro nòg contra die oorlog was dan behoort die buitewêreld deeglik kennis te neem van die feit dat daar 'n derde groep was wat geen apologieë gaan maak vir hul teenkanting teen daardie onsinnige oorlog nie. En dit is tienduisende Afrikaners wat geweet het dat so'n oorlog net een uitslag kan hê, naamlik presies die gevaarlike toestand wat nou inderdaad heers waar die hele beskawing deur die Bolsjewisme bedreig word.

## Omslagtigheid Vertraag Grondbewaring

Die grondbewaring in die Unie word vertraag deur amptelike omslagtigheid en slegs 'n raad wat vry van regeringsbeheer is, sal in staat wees om die werk vinniger te laat vorder. Dit is die mening van die Natalse Landbou-unie wat die afgelope week in Pietermaritzburg vergader het. Die kongres het besluit om by die regering daarop aan te dring om grondbewaring aan 'n raad op te dra wat regstreeks aan die Tesourie verantwoordelik sal wees.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# HOLLAND EN SUID-AFRIKA

**Mnr. L. B., Rotterdam-Noord, Holland, skryf:** Ek is bly om in Die O.B. te sien dat iemand uit Nederland u daarop wys hoe onkundig die mense in Nederland oor Suid-Afrika is. Omdat ek self van 1917 tot 1945 in Suid-Afrika gewoon het, is dit my tot ergernis om in tydskrifte en koerante sulke onsin oor Suid-Afrika te lees.

As 'n voorbeeld van hoe die pers hier die rasseverhouding in Suid-Afrika sien, haal ek die volgende aan: „In Natal, Transvaal en Oranje Vrystaat mag die Kaffer geen gebruik maken van de openbare vervoermiddelen, zyn vele Bioschopen voor hem gesloten en heeft hy zelfs afsonderlike kerken."

Hierdie koerantskrywer sluit af met 'n Psalmaanhaling aan die adres van dr. Malan ten opsigte van „Kaffers en Brits-Indiers": „Dis die Heer wat aan die arme in sy druk laat reg geskied" en „Dis die Heer wat vreemdelinge met 'n wakend oog aanskou." Hy gee die vermaning dat Suid-Afrika alleen staande kan bly deur die gehoorsame volbrenging van die gebooie van die Here. Daarmee kan ons natuurlik ten volle saamstem.

Die skewe voorstelling oor Suid-Afrika is deels uit onkunde en deels te wyte aan vyandige inligting deur vyandiges. Ek sal so bly wees as daar 'n begin gemaak kan word om die Nederlandse volk reg in te lig sodat die band tussen Nederland en Afrika weer sterk gebind kan word.

Ek ontvang die O.B. gereeld en as ek dit aan my vriende hier wys dan sê hulle: maar dit is 'n Nazi-blad, en my familie het my al gewaarsku dat dit gevaarlik is om die koerant in die openbaar te lees! As ander koerante dan skewe voorstellings gee, laat Die O.B. se basuin dan nog harder blaas.

# Land Staan Voor Goud-Tekort

**Deels weens die buitengewone hoë invoer uit Amerika en deels weens die goudlening van £80 miljoen aan Brittanje, het die Unie se goudvoorraad tans so laag gedaal dat die Minister van Finansies verlede week verplig was om aan te kondig dat die statutêre gouddekking van die Unie met vyf persent verminder moet word sodat dit op 25 persent te staan kom in plaas van die 30 persent, soos voorheen die geval was.**

Hoewel die Minister verklaar het dat die Unie in 'n gunstige posisie verkeer, is dit duidelik dat daar een van die dae halt geroep sal moet word omdat ons gouddekking nog net met ses persent kan daal voordat dit die zero-merk van 25 persent bereik. Dit is nie bekend wat die regering van plan is om hierna te doen nie. Hy sal 'n keuse hê om die invoer uit die dollarlande drasties te beperk — iets wat hy nie graag wil doen nie — of om 'n dollarlening in Amerika aan te gaan wat tydelike verligting sal bring

### GOUD IN BRITTANJE

**Voordat Suid-Afrika verlede jaar 'n goudlening aan Brittanje gemaak het, was die gouddekking vir ons note besonder hoog, naamlik 82.3 persent. Nadat die £80 miljoen lening gemaak is, het die dekking onmiddellik gedaal tot 50 persent.**

Intussen het die invoer uit Amerika vinnig toegeneem, deels omdat 'n toenemende aantal oorlogstydse bestellings nou eers uitgevoer word, en deels omdat baie invoerders meer goed invoer as wat nodig is weens hul vrees vir oorlog.

Daarby word daar tans baie kapitaal-goedere soos masjinerie in Amerika aangekoop wat nie gedurende die oorlog verkrygbaar was nie en wat 'n dringende noodsaaklikheid geword het. Al hierdie faktore dra daartoe by om ons invoer uit Amerika te laat styg. Die Minister hoop egter dat sodra die aanvraag in Suid-Afrika tot 'n mate bevredig is, die aankope aansienlik sal afneem.

# 'BLOU TREIN DIE BESTE'

„Die Blou Trein van die Suid-Afrikaanse Spoorweë is in alle opsigte beter as enige van die luukse treine van die wêreld waarin ek al gereis het." Dit is die oorwoë mening van dr. H. J. van der Byl, Voorsitter van Yskor en Eskom, wat verlede week met die Pretoria Castle uit Brittanje teruggekeer het. Hy het die transaksie in verband met die aankoop van die Victoria Falls-maatskappy vir 'n bedrag van £14,500,000 finaal afgerond.

DIE KIESKEURIGE MAN
GAAN VIR SY KLERE NA
Kotzé
*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*
•
SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.
ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

*Nuus aan alle Leesliefhebbers!*
DIE VLAM-BIBLIOTEEK
Teen spesiale verminderde pryse aan Intekenare
'N REEKS PUIK NUWE AFRIKAANSE ROMANS, ENS.
•
ONDER ANDERE SAL VERSKYN
★ BY DIE STERFBED VAN 'N VOLK — deur M. J. Pienaar
★ ROOI VERRAAD — deur Magda Boyce
*Vanaf begin 1949 sal 6 tot 8 boeke jaarliks verskyn — almal met boeiende temas*

INTEKENVORM
AAN: Saamwerk Hulpvereniging Beperk,
Posbus 1230,
PRETORIA.
Vind asseblief ingesluit 'n bedrag van 7/6 vir 'n eksemplaar van u eerste publikasie. Ek onderneem om intekenaar te bly vir die volle jaar 1949, en om by ontvangs van elke boek die bedrag vir die volgende boek aan te stuur.
NAAM:........................................
ADRES:........................................
........................................
Maak seker van u eksemplare deur dadelik 'n intekenaar te word. By ontvangs van elke boek betaal u vooruit vir die volgende een. Stuur die intekenvorm saam met 7/6 vir die eerste boek, aan: „DIE O.B.," SAAMWERK HULPVERENIGING BEPERK, POSBUS 1230, PRETORIA.

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7186) Newtown

WAPENS EN AMMUNISIE
van alle soorte
Groot voorraad .22-Gewere
★
Manie de Villiers,
Plaza-Toiletsalon,
Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161
28/8/TK

VERVOERDIENS
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
J. A. STRAUSS
Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

RADIOTRONICS
(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van
ELEKTRIESE APPARAAT
(Onderneem ook yskashersteIwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"
Rembrandt-kartonne van 50 is in beperkte hoeveelhede beskikbaar. Hierdie dosies is hand-vervaardig en met die grootste sorg verpak deur ons eie dogters—hardwerkend en trots daarop!
Rembrandt
ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook."*
Kopierex RA.5

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**CONRADIE.**—Aan Gert en Helena (Erasmus) 'n fris sussie vir Gertjie en Danie op 27 September. Albei wel. Dank aan goeie Gewer, dokter en verpleegster. — Klaasvoogds, **Robertson.** 6/9/1

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**PATATRANKE.**—Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1,000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.), P.K. Hoekwil, George.** 28/7/TK

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet, 7/6 lb; Tom Watson Wonder Waatlemoen, 9/6; Hubbard en Langwit Bospampoen, 9/-; Greenfeast Saaderte (minimum 5 lb.), 1/- lb.; Beauty Tamatie, 30/- lb., 9/- ¼ lb.; Vroeë Kaapse Plat Uie, 9/- lb. Unie Posvry. —**Kango Saadkwekers,** Posbus 107, **Oudtshoorn.** 8/9/TK

## GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

**MEUBELS** — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminium-kastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

## TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**KUIKENS** dadelik verkrygbaar. Australorps en Leghorns teen £6 per 100. Kruis teen £5 per 100. Ses weke kruis kuikens teen £12 10s. per 100. Drie maande oud kruis hennetjies teen 10/- stuk. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens. Bestel dadelik en voorkom teleurstelling. **H. R. MALAN,** Weltevrede Pluimvee Plaas, P/K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203. 18/8/T.K.

**SOUT.** — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1, 80/-; sneeuwit no. 1, 70/-; wit no. 2, 60/-, per ton vry gelaai soutwerke. Adres: **Komdte mevr. Martie Venter,** Possak no. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 25/8/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

Vir elektriese- en paraffin-koelkaste; paraffin-, kool- en elektriese stowe; elektriese- en petrol-wasmasjiene; stofsuiers en politoerders, meubels, draadlose, ens. raadpleeg of skryf aan **ELEKTRON-KONTRAKTEURS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. 18/8/T.K.

# Brief aan My Partyvriend

(vervolg van bladsy 3, kolom 3)

nie, maar gedurende die verkiesing saam met hom gereis soos blyk uit 'n portret wat kort om die kiesers toe te spreek in 'n gees van broederlikheid en liefde, gelede nog in Die O.B. gepubliseer is van Oom Paul en Schalk Burgers wat as teenkandidate in 1898 saam rondgereis het om die mense toe te spreek. **In daardie stelsel is die sonde teengewerk nie aangemoedig nie. Dit was water op die vuur van naywer, en nie olie soos onder die Britse parlementêre stelsel nie.**

Die parlementêre stelsel blaas die vuur aan omdat dit EIS dat die volk in twee teenoormekaarstaande groepe of partye verdeel moet word wat moet veg oor wie op die groen kussings sal sit, en in daardie stryd word erger dinge as spiese gebruik om mekaar uit posisies te weer. Het jy dan rede om jou te verbaas oor die afmetings van volkstwis en die peil van politiek in ons land?

● ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

# HET DAAD AFGEKEUR, DOG SY MORELE STEUN GEGEE

## VAN BLERK OOR K.G. SE HOUDING

**„Ek moet hier baie onomwonde sê: Die K.G. het niks met ons daad te doen gehad nie. Hy het niks daarvan geweet nie. Wat ek later van hom leer ken het, is ek seker dat hy dit ten strengste sou afkeur . . . . maar hy het ons dadelik te hulp gesnel met die enigste wat hy kon gee — morele steun." So skryf Hendrik van Blerk in Fleur (byvoegsel tot Dagbreek) na aanleiding van die K.G. se boodskap aan hom en Visser in die tronk: „Julle is my broers, en ek is my broer se hoeder."**

Nadat hulle reeds in die dodesel was en hulle die hoop gedeel het dat as die ergste met hulle moet gebeur, dit sal dien om die Afrikanervolk nader aan mekaar te bring „toe bereik ons die verpletterende berig — woorde uit die mond van 'n vooraanstaande Afrikanerleier: ‚Ons pleit vir hulle; maar hulle is nie ons mense nie.' Dit was koue water op ons geesdrif. Dit het ons oorstelp. Dan is ons reeds veroordeel, en deur die volk aan wie ons gewilliglik die hoogste offer sou bring, in die uiterste duisternis gewerp.

„Dit was 'n dolksteek in ons hart en het ons verpletter. Teen die aanvalle van buite was ons wil 'n staalvesting waarteen hulle wapens weggeskerm het. Maar teen hierdie aanvalle van binne was ons tot die dood kwesbaar. **En as ons ooit sou gebreek het, sou dit hierdie wrede miskenning gewees het."**

### MORELE STEUN

**Van Blerk skryf voorts dat dr. Van Rensburg hulle wou besoek maar dat hy voor die tronkdeur moes omdraai. „Hy het toe maar met Julian se vrou die volgende boodskap aan ons gestuur: ‚Julle is my broers, en ek is my broer se hoeder.'**

„Julian het bly aan my gesê: **‚Hendrik, ons is nie nou meer alleen nie.' Ons was nou drie Afrikaners in die veroordeeldesel." Die hart van die man wat vir ons alles wat mooi en goed en groot in die Afrikaner is, was saam met ons in die Sentrale-Gevangenis se veroordeelde-sel.**

### GEEN VERBAND

**Van Blerk verklaar dat die K.G. niks met hul daad te doen gehad het nie en dat hy seker is dat hy dit sou afgekeur het.** „Vir hom was ons daad net so 'n groot skok soos b.v. vir Veldmaarskalk Smuts. Maar hy het ons dadelik te hulp gesnel met die enigste wat hy kon gee —morele steun."

# Nie-Blankes Moet Hulself Bedien

Die Minister van Gesondheid en Volkswelsyn, dr. A. J. Stals, het die Kleurlinge aangeraai om op aparte treindienste aan te dring en die regering te versoek om nie-blanke kondukteurs en beamptes aan te stel, toe hy verlede week die Adviserende Kleurlingraad toegespreek het. Die regering se apartheidsbeleid bring geen vernedering vir die nie-blankes te weeg nie en deur op aparte reisgeriewe aan te dring kan hulle meehelp om hul selfrespek te behou, het hy gesê.

# INDRUKKE VAN PARLEMENT

(vervolg van bladsy 2, kolom 4)

waarvan afskaffing van die naturelleverteenwoordigers slegs 'n klein en nie-dringende onderdeel vorm, in werking gestel moet word met die grootste moontlike steun van sowel blankes as nie-blankes." Dan volg die waarskuwing: **„Om egter afsonderlike volksbeslissing te vra oor elke onderdeeltjie, en dan bowendien oor die negatiewe onderdele eerste, sal die regering se hele strewe in gevaar stel, en dit sal die gunstige stemming wat op die oomblik in die land heers om die probleem groot aan te pak, laat oorwaai in eindelose polemiek en verydeling."**

### PROVINSIALE UITSPRAAK

Dagbreek maak voorts beswaar teen die aankondiging van die Eerste Minister „dat hy die eersvolgende Provinsiale verkiesing gaan gebruik om die volk se verlof te vra vir sy voorneme om die bestaande naturelleverteenwoordiging in die volksraad af te skaf met 'n gewone meerderheid van die parlement."

Voorts verklaar die blad dat hierdie aankondiging „eintlik die derde formulering en herformulering van die Regering se planne in dié opsig was. Aanvanklik het dr. Malan te kenne gegee dat die Regering so 'n voorstel aan die Parlement sou voorlê, sonder verdere formaliteite. Sy enigste voorbehoud was dat hy hom nog deur middel van die beste regsadvies wou verseker van die Parlement se bevoegdheid om so 'n besluit met 'n gewone meerderheid te neem. 'n Week later het die Minister van Naturellesake onderneem dat die volk eers geraadpleeg sou word — by wyse van 'n algemene verkiesing of van 'n volkstemming. Dr. Jansen het ook onderneem dat die naturelle geraadpleeg sou word. Nou wil dr. Malan nie meer 'n volkstemming of 'n algemene verkiesing hou nie, maar die Provinsiale verkiesings te baat neem om die volk se beslissing te verneem."

### NIE GESKIK

**Die blad meen dat die provinsiale raadsverkiesings beslis nie die geleentheid is om die volk „op te roep tot 'n uitspraak oor één besondere aspek van naturellebeleid nie."**

**„Maar boonop," sê die blad, „gaan die regering 'n groot klomp kiesers voor 'n onmoontlike keuse plaas. Baie wat ten gunste is van uiteindelike afskaffing van naturelleverteenwoordigers in die blanke Volksraad voel sterk morele beswaar daarteen dat dit met 'n gewone Parlementêre meerderheid moet geskied. Hulle vrees dat dit vir die naturelle as troubreuk mag voorkom. Dit is dus meer as 'n blote regsprobleem. Dit behels ook die begeerte van die blanke dat die naturel hom moet vertrou, as voorvereiste vir uiteindelike goeie verhoudings. Baie ondersteuners en potensiële ondersteuners van die apartheidsbeginsel sal huiwer, selfs weier om te stem vir 'n prosedure wat by die naturellebevolking ook maar die skyn kan dra van blanke ontrou aan 'n eenmaal gegewe woord."**

Ek glo dat die regering sy kleurbeleid op onoordeelkundige wyse probeer deurvoer. Die Eerste Minister kan gerus let op welwillende waarskuwings, anders kan dit maklik gebeur dat hy die hele apartheidsideaal tydelik verongeluk.

# ‚DIE O.B.' HIER TE KOOP

**Van vandag af is DIE O.B. by Spoorwegboekwinkels te koop. Dit is die eerste keer sedert die blad verskyn dat dit die geval is, en ons het die medewerking nodig van ons lesers om hierdie feit in wyer kringe bekend te maak. Vir die doel gee ons hieronder 'n lys van die stasies waar die blad voortaan verkrygbaar sal wees:**

| | | |
|---|---|---|
| Alberton | Johannesburg | Prieska |
| Ashton | Kazerne | Retreat |
| Beaufort-Wes | Kimberley | Rondebosch |
| Bellville | Klerksdorp | Rosmead |
| Benoni | Komatiepoort | Rustenburg |
| Bethlehem | Krugersdorp | Soutrivier |
| Bloemfontein | Kroonstad | Shannon |
| Boksburg-Oos | Ladysmith | Springfontein |
| Braamfontein | Langlaagte | Standerton |
| Brakpan | Maitland | Stellenbosch |
| Breyton | Minnaar | Touwsrivier |
| Kaapstad | Mosselbaai | Unified |
| Cradock | Mowbray | Upington |
| De Aar | Naauwpoort | Vasco |
| De Doorns | Nelspruit | Vereeniging |
| Durban | Newcastle | Volksrust |
| Esselen Park | Observatory | Vryheid |
| Oos-Londen | Parow | Warrenton |
| Estcourt | Pietersburg | Wellington |
| Germiston | Pietermaritzburg | Winterrush |
| Glencoe | Pinelands | Witbank |
| Goodwood | Port-Elizabeth | Worcester |
| Harrismith | Port-Shepstone | Wynberg |
| Huguenot | Potchefstroom | |
| Jeppe | Pretoria | |

# AFGELOPE WEEK IN OËNSKOU

**DIE WAARNEMENDE MINISTER VAN VERVOER** het die afgelope week in die volksraad verklaar dat die tekort in die finansies van die Spoorweë aan die end van die jaar op £4,000,000 geskat word. As gevolg hiervan geniet die vraagstuk of die tariewe van die Spoorweë nie verhoog moet word nie, die aandag van die regering.

★

**'N BOER VAN OUDTSHOORN,** mnr. Willem van der Berg, is oorlede as gevolg van 'n skop wat 'n volstruismannetjie hom toegedien het. Hoewel hy 'n graaf by hom gehad het toe die mannetjie hom gestorm het, kon hy hom nie van hom af weghou nie.

**DIE OORLOGSMAATREËL** wat bepaal dat meel nie gesif mag word nie, is deur die parlement herroep, en verval op 1 November wanneer witbrood weer beskikbaar sal wees.

★

**DIE SUID - AFRIKAANSE POLISIE** het tans 'n tekort aan 2,000 manskappe, meer as duisend onderoffisiere en 41 offisiere. Die verhoging van die aanvangsalaris van konstabels word nou oorweeg asook hoër pensioene.

★

**DIE MINISTER VAN VOLKSWELSYN** het aangekondig dat hy van plan is om met die huurbeheer voort te gaan, maar in gewysigde vorm, en dat die Huurwet ook moontlik gewysig sal word.

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 6 OKTOBER 1948

# 10 OKTOBER 1948

**Dis seker nie nodig, maats, om te sê waarom ons hierdie dag herdenk nie? Maar nou die dag vertel ek vir 'n dogtertjie van vyf jaar dat ons op 10 Oktober die verjaardag van president Kruger vier, en toe wil sy mos weet hoe 'n mens nog kan verjaar as jy nie meer lewe nie . . . . nogal nie so 'n dom vraag van so 'n kleintjie nie! Hoe sou julle geantwoord het as julle boetie of sussie julle so-iets sou vra?**

Wel, ek het haar toe maar begin vertel hoe 'n groot man die ou President was. Hy het nie net sy volk goed regeer nie, maar ook op godsdienstige gebied was hy vir hulle tot 'n voorbeeld en het hy hulle die regte leiding gegee. En by alles het hy steeds nederig gebly . . . 'n ware bewys van grootheid. Waar sy nie kon verstaan nie, het ek maar beduie tot ek die regte lig in haar ogies gesien het. ('n Mens kan mos aan so 'n kleintjie se oë sien of hulle volg wat jy sê.)

Verder het ek haar vertel hoe die President sy huis en land verlaat het om vir sy volk hulp te gaan soek in die buiteland en hoe hy daar moes rondval. Julle weet seker watter koningin toe so goed vir hom was né? Dit was mos Koningin Wilhelmina van Holland, en dis juis haar jubileum en afstapping van die troon wat 'n ander President se vrou (mev. president Steyn) onlangs in Holland kon by woon.

Maar dis nou nie waaroor ons gesels nie. Om na die ou dogtertjie terug te kom, toe ek haar nou so alles vertel het, sê ek vir haar dat, as 'n mens nou so baie gedoen het soos President Kruger, dan hou jy nooit op met verjaar nie. Met die viering dank 'n mens dan nie omdat hy weer 'n jaar gespaar is nie, maar omdat die Here ons so 'n groot man gegee het. En as ons dit dan ooit sou vergeet, dan moet ons weet dat daar groot fout is met ons. En toe het sy mooi verstaan waarom ons dan die dag vier.

Maar hierdie dag word ook dikwels Heldedag genoem omdat ons dan ook sommer aan al die groot manne en vroue uit ons volksgeskiedenis dink. Dis egter 'n bietjie gevaarlik om dit so te noem omdat daar dan hulde gebring mag word aan mense wie se lewens en ideale geensins te rym is met dié van president Kruger nie. Daarom verkies ons om 10 Oktober **Krugerdag** te noem, en dan slegs ware volkshelde te gedenk wie se name ons langs die van president Kruger mag skryf, bv. generaals De Wet, De la Rey, Joubert, Beyers, Jopie Fourie, kommandant Scheepers, Danie Theron, Jack Hindon, kapt. Slegtkamp, en ander.

Nou wil ek op julle beroep doen, maats: die groot mense is baie besig met die moeilikhede van vandag en kan dalk die verlede vergeet. Nou vra ek julle om hierdie gedagte aan ons voorvaders hoog te hou! Maar dis ook nog nie genoeg as ons net trots is op ons voorgeslag nie, ons moet ook so leef, dat hulle nooit hoef skaam te wees vir hul nageslag nie. Daarom, eer julle helde, veral daarin dat aan julle gesien kan word dat julle die nakomelinge is van hierdie groot manne.

# SLAGTERSNEK

**Die SLAGTERSNEK MONUMENT, Somerset-Oos:** is opgerig ter gedagtenis aan Frederick Bezuidenhout, gesneuwel te Baviaansrivier, Hendrik Prinsloo, Stephanus Bothma, Abraham Bothma, Cornelis Faber, en Teunis de Klerk op 16 Maart 1816 i.v.m. die Slagtersnek-geskiedenis. Die gebeure is een van die betreurenswaardige voorvalle uit ons vroeë geskiedenis onder die Engelse bewind en een van die dinge wat al vroeg vervreemding tussen Boer en Brit in S.A. veroorsaak het. Die monument is op 16 Maart 1916 onthul.—(**Alma Pistorius, BRITS**).

## *VIR DIE DOGTERS:*

# Nog Iets Vir Die Vakansie

Ons vertrou julle het alreeds van verlede keer se heerlike vakansiereseppies probeer. Hier is nog twee lekkernye vir die Boeredogter, wat gedurende die vakansie soms haar kop krap om iets spesiaal voor te sit aan die hongerige ou leeglêers wat gedurig hol is tot in hul tone!

Wanneer dit miskien renerig is en almal net praat van pannekoek, probeer dan hierdie soortgelyke gereggie:

**Benodigdhede:**

- ⅓ K broodkrummels
- 2 K melk
- ⅓ t sout
- 1¼ K bokwietmeel
- ¼ suurdeegkoekie
- ⅓ K lou water
- 2 E bruinsuiker
- ¼ t koeksoda

**Metode:**

1. Verhit die melk tot onder kookpunt en week dan die broodkrummels daarin en laat afkoel.
2. Voeg sout en bokwietmeel by.
3. Maak die suurdeeg sag in die lou water en voeg by meelmengsel.
4. Laat rys vir 8-12 uur.
5. Voeg bruisuiker en koeksoda by en meng goed.
6. Bak verder net soos pannekoek en dien op met stroop of heuning. So 'n interessante plaasvervanger van pannekoek sal bepaald heerlik smaak by die koppie stomende koffie!

En die kleingoed kan maar nie genoeg soetigheid kry nie. In plaas van egter slegs lekkers te koop of selfs te maak, sal dit beter wees om vir hulle liewer meer vrugte te gee, maar dan in so 'n vorm dat dit opnuut die aptyt sal prikkel. Hierdie soetigheidjie is in 'n oogwenk klaar en smaak heerlik . . . hou dus die blik op 'n geheime plek in die spens sodat Boet nie weet waar dit is nie!

**Benodigdhede:**

- 1 K Rosyntjies
- 1 K skoongemaakte grondboontjies
- 'n bietjie heuning of lemoensap

**Metode:**

1. Haal die pitte uit die Rosyntjies
2. Maal saam met grondboontjies
3. Voeg heuning of lemoensap by en maak 'n stywe deeg daarvan.
4. Vorm dit in 'n rol omtrent ¾ duim dik en sit dit in 'n koel plek om styf te word.
5. Sny dit nou in stukkies en pak weg in waspapier.

Dan het ons ook weer 'n briefie gehad van Hannie Ferreira van Tweerivier. Sy skryf dat hulle groot planne het vir 'n groot O.B.-dag en dat sy 'n versie leer om daar op te sê. By vorige feeste het hul ook al baie baljaar in die sand, water aangedra en vleis gebraai.

Sy stuur weer twee reseppies wat sy self dikwels maak en sterk by die maats wil aanbeveel:

**GEMMERKOEKIES:**

**Benodigdhede:**

- 3 lb. meel
- 2 lb. suiker
- 1 lb. goue stroop
- 1 pakkie koeksoda
- 1 pakkie kremetart
- 1 lb. botter of vet
- 6 eiers
- 2 gelyk eetlepels gemmer sout

**Metode:**

Maak aan met geklitste eiers. Knie aand vantevore baie goed. Maak volgende oggend klein bolletjies so groot soos okkerneute. Druk plat met palm van die hand en sit op plaat. Dit kan ook uitgerol en afgedruk word.

**BROSKOEKIES**

**Benodigdhede:**

- 12 onse meel
- 3 onse botter

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van voorgaande kolom)

- 3 onse geel of wit suiker
- ½ t. koeksoda
- knippie sout
- 'n bietjie melk.

**Metode:**

1. Vryf die botter in die meel
2. Voeg die suiker en die sout by.
3. Los die koeksoda op in 'n bietjie warm melk en maak 'n stywe deeg.
4. Rol baie dun uit en sny in langwerpige stukkies.
5. Prik en bak in 'n warm oond tot 'n mooi bruin kleur.

Hannie sê dat hierdie koekies sommer baie lank geurig en vars sal bly as dit in digte blikke gebêre word.

Ons is bly Hannie laat so gereeld van haar hoor, maar wil so graag hê sy moet ook ander maats aansteek om dieselfde te doen.

Baie van julle is mos al dorings agter 'n voorskoot . . . gee dan ook aan die ander 'n paar wenke d.m.v. ons blad? !

(Rig alle bydraes aan: Mej L. Roos, De Klerkhuis, P.U.K., Potchefstroom).

# ARBEIDSDIENS

## TUIN-AANLEG

**(Deur Ria)**

(Vervolg)

Gaan ons nou 'n tuin aanlê, dan is die eerste waarna ons kyk die **Natuurlike omgewing:** Is jou huisie geleë in die sentrale gedeelte van 'n hoëveldse dorpie, of is dit 'n plaaswoning in die bosveld, of op die wyduitgestrekte vlaktes van die Karoo, of lê dit teen die hang van 'n Bolandse of Natalse berg? In elke geval sal die natuur-omgewing reeds self bepaal hoe jou tuintjie daaruit sal sien.

Die plantegroei van jou tuintjie word verder bepaal deur: die **ligging, klimaat, wind,** en **reënval** van die omgewing waarin jy woon.

**Bodemgesteldheid** is ook 'n belangrike faktor. Die grond mag sanderig, kleiagtig, of rotsagtig wees. Die beskikbare tuingrond mag nog rou wees, oortrek met gras en bome of onkruid. Hierdie struikelblokke sal dan eers almal verwyder of verbeter word. So bv. moet nuwe grond by sanderige grond gevoeg word, sand weer by kleigrond en as dit rotsagtig is, word die klippe uitgekap, die grond gesif, en nuwe grond ingery.

**Bepaling van die Flora:** Die hoeveelheid en tipe wat gekweek kan word hang af van:

1. Die beskikbare grond.
2. Watertoevoer
3. Werkkragte.
4. Hoeveelheid geld wat jy kan spandeer.

Nadat jy hierdie dinge oorweeg het, begin jy met die uitlê van jou tuin.

Die natuur-omgewing, die bodemgesteldheid en bogenoemde vier punte sal dan ook almal saamwerk om jou te laat vasstel watter van die volgende dinge in jou tuintjie gaan ingesluit word: Tipes bome en struike, rotstuine, grasperke, heinings, plante, sier- en snybome, visdammetjies, voëlbakkies vir kos en water, voëlhok, sonwyser, groot klippotte of mandjies vir blomme, beeldjies, 'n somerhuis vir rus of vir kweek van blomme, aantreklike rushoekies, rusbankies, tuinmeubels, romantiese bruggies, 'n swembad, troetel wilde voëls en diertjies, blomprieels, klippilare of muurtjies waarin blomme geplant word, ens. Neem al hierdie dinge in oorweging en besluit dan wat jou tuintjie alles gaan bevat.

**Bewerking van grond:** As daar baie gras, onkruid en bome is, verwyder dit, maar moenie alle doringbome en ander wilde bome uitroei nie — hier en daar kan hulle dien as sierbome. As die grond baie rotsagtig is, kap die klippe uit en sif die grond. Ry nuwe grond en 'n hoeveelheid sand aan. Sorg vir die dreinering van jou grond. Netjiese geskikte watervore, 'n kraan in die onmiddelike omgewing met 'n goeie tuinslang, is noodsaaklik. Ook is nodig Humus, Kraalmis, of Kunsmis (superfosfaat is besonder goed). Wees egter baie versigtig met die bemesting omdat al die plante nie dieselfde hoeveelheid mis nodig het nie. Sorg vir wisselbou d.ws. moenie altyd dieselfde plante op dieselfde plek plant nie.

As jou grond eers deeglik voorberei is, word die saad gesaai, — saai die saad twee of drie maal die dikte wat jy dit uiteindelik wil hê. Sommige saad moet eers in blikke geplant word sodat die plantjies later in beddings geplant kan word. Gooi die saad nat deur eers 'n goiingsak daarop te plaas vir beskerming. Sodra die saadjies uitloop en die eerste jong spruitjies hulle verskyning maak, moet die sak verwyder word, maar die jong plantjies moet dan met takkies teen die warm son beskerm word.

Sorg altyd dat die onkruid tussenin uitgetrek word as die plantjies eers sterk is. Ook sal skadelike insekte bestry moet word deur met een of ander middel te spuit (veral D.D.T.) Gedurende die nawinter moet jy ook sorg vir die snoei van rose, struike, ens.

(Word Vervolg)

# HELDE

(Deur „Iean le Blanc")

1

Van die tyd van Jan van Riebeeck
Tot die Groot trek na Natal
Daarvandaan weer oor die heuwels,
Noordwaarts, weg van alle euwels:
Bloedbakens by Dingaans' kraal.

2

In die glorie van ons Volkie,
Met sy weemoed en sy smart,
Staan die Afrikaanse Leeu —
Ligpunt uit ons donker eeu —
Diep gegriffeld in ons hart.

3

Van die ou Gelofte Kerkie,
Uit die Wiegie in die wa,
Oor ons bloedvergote velde
Klink die stem: „Ja, almal Helde
Van ons Jong Suid-Afirka!"

# SOWJET-DIPLOMATE AAN HOOF VAN SPIOENASIE

**Die feit dat Russiese diplomate verantwoordelik was vir die organisering van spioenasie-groepe wat reeds van die mees belangrike geheime inligting in verband met die atoombom na Rusland gestuur het, is verlede week formeel deur die Amerikaanse kommissie van ondersoek insake onnasionale bedrywighede bevestig. Daar word in die verband gesê dat hoewel nie vasgestel kan word wat die omvang van die inligting in alle gevalle is nie, dit wel aan die lig gekom het dat „lewensbelangrike" inligting die Russiese regering bereik het wat hom sal help om die atoombom te ontwikkel.**

In sy opsomming van die getuienis verklaar die kommissie dat die spioenasiegroepe daarin geslaag het om van hul lede in die mees strategiese posisies in verskillende atoombom-instellasies te plaas, waar hulle insage gehad het in die mees vertroulike en geheime inligting. **Hierdie inligting het hulle aan die Russiese diplomate verstrek, wat dit op hul beurt aan die Russiese regering besorg het.**

Die name van vier persone word genoem met 'n aanbeveling dat hulle weens hoogverraad verhoor moet word, terwyl nog 'n wetenskaplike vir verdere ondersoek aanbeveel word. **Twee van die persone is professore.**

## 82 Organisasies Ondermyn V.S.A.

**Twee-en-tagtig organisasies in Amerika word tans deur die regering geklassifiseer as „kommunisties," terwyl 15 as „fascisties" en 22 as „totalitêr" beskou word. Die regering beskik oor inligting dat vyf groepe organisasies daarna strewe om die regering met geweld oor te neem.**

## Dink En Sien Is Twee

**Groot getalle Duitsers is begerig om na Suid-Afrika te immigreer maar tot dusver is slegs bejaarde persone wat familie in Suid-Afrika het en hoogs bekwame vakmanne toegelaat om te kom, het genl.-maj. B. Armstrong, gewese hoof van die Unie se militêre sending in Berlyn verlede week by sy terugkeer in Suid-Afrika verklaar.**

**Hy het gesê dat die Duitse volk 'n bewonderenswaardige gees in hul poging tot herstel openbaar en daar is nog geen agterbuurtes in Duitsland te sien nie. Die Duitse vroue kom spesiale lof toe dat hulle ten spyte van armoede en skaarste die beste voet na vore sit en altyd netjies daar uitsien.**

Op dieselfde dag het mnr. Edward Hunter, 'n Brit wat die Kaapstadse Kamer van Koophandel toegespreek het, verklaar dat immigrasie nie net vanuit Brittanje moet kom nie, maar ook van die vasteland van Europa. **Hy het daaraan toegevoeg dat Duitsland ook in die Westerse Unie getrek moet word, „ongeag wat ons van die Duitsers dink."**

## VOORTAAN KRUGERDAG

**Die kongres van die F.A.K. wat die afgelope week in Bloemfontein vergader het, het besluit dat 10 Oktober voortaan Krugerdag genoem moet word.**

## Versekering Aan Jode

Die Burger berig dat daar tans op landswye skaal georganiseer word vir die totstandbrenging van 'n beweging van Joodse ondersteuners van die regering. Die blad berig voorts dat mnr. J. Nossel, bygestaan deur rabbi dr. Romm in die verband 'n onderhoud met die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, gehad het. Hulle is voorgestel deur sen. H. J. van Aarde.

Dr. Malan het hulle die versekering gegee dat bloedverwante van Jode op humanitêre gronde die land binnegelaat sal word, en bygevoeg dat wanneer hierdie organisasie die regering in verband met individuele gevalle van binnelating en naturalisasie nader, dit simpatiek oorweeg sal word.

# V.S.A. WIL FOUT NOU HERSTEL

**Direkte Amerikaanse ingryping in die toekenning van die Marshall-hulp wat oorspronklik deur Europa self verdeel moes word, is die oorsaak dat die deel wat Brittanje sou ontvang het, met een derde verminder en dit aan Duitsland en Frankryk gegee is. Brittanje was oorspronklik bo aan die lys wat die toekenning van hulp betref.**

**Hierdie stap het in Brittanje groot verontwaardiging uitgelok omdat hulp wat oorspronklik vir hulle bedoel was, nou gebruik word om Duitsland weer op die been te bring. Behalwe dat Duitsland meer dollars ontvang het, is sy bydrae tot die gemeenskaplike „poel" deur die Amerikaners nog boonop verminder sodat hy bo Frankryk en Brittanje bevoordeel is.**

## Houding Teenoor Duitsland

Die optrede van Amerika word in die buiteland vertolk as 'n besliste poging om Wes-Duitsland, wat eers met Super Vestings platgeskiet is, weer op te bou as 'n wal teen die Russiese Kommunisme. Daarin lê ook 'n erkenning dat dit 'n fout was om hierdie volk reddeloos op die knie te bring — 'n beleid wat by wyse van aftakeling van nywerhede tot vandag toe nog deur Brittanje en Frankryk gevolg word.

Brittanje beskuldig Amerika tans dat hy in die hande van die Kommuniste speel deur met sy optrede te kenne te gee dat hy Wes-Duitsland weer wil ophou!

# SONDER PASPOORT NA BUITELAND

**Die Pretoriase Hooggeregshof het verlede Vrydag 'n bevel uitgereik dat dr. Y. M. Naidoo, voorsitter van die Transvaalse Indiërkongres, die land mag verlaat sonder dat hy 'n paspoort het. Naidoo het die bevel aangevra nadat die regering sy paspoort op 10 September afgeneem en hom verhoed het om na Parys te gaan, waar hy die V.V.O. wil voorlig oor die Indiërs se griewe.**

Kragtens die bevel mag die Departement van Binnelandse Sake nie inmeng om te verhoed dat Naidoo vertrek nie. Hy het probeer om die land sonder paspoort met 'n Sweedse vliegtuig te verlaat maar is deur beamptes verbied om dit te doen. Daarop het hy die hof versoek om 'n interdik wat sal belet dat daar nie met sy vertrek ingemeng word nie. Die Minister het nie presies hierteen beswaar gemaak nie, maar verklaar dat hy die reg voor behou om enige persoon of regering in kennis te stel dat Naidoo se paspoort teruggetrek is.

## Huurbeheer In Ander Hande

Na aanleiding van die menigvuldige klagtes oor diskriminasie by die toekenning van woonplek aan huurders het Minister A. J. Stals besluit om die beheer oor verhuring in ander hande te plaas. Verhuurbeheer word tans nog deur vyf komitees waarin verskillende belange verteenwoordig word, en deur sowat 100 amptenare gedoen. Hierdie komitees sal afgeskaf word en die werk toevertrou word aan vaste amptenare in die Departement van Gesondheid.

# Sternbende Ook In Sowjet-Hande

**Die meeste van die lede van die Sternbende in Palestina — die terroristiese organisasie wat verantwoordelik gehou word vir die moord of graaf Bernadotte, die vredemaker van die V.V.O. — wat nie openlike Kommuniste is nie, is geesdriftig pro-Russies, berig die korrespondent van die Sunday Times, wat daaraan toevoeg dat daar pogings aangewend word om die Kommunistiese affiliasie met die bende te verminder. Daar is waarnemers wat selfs beweer dat die bende regstreeks opdragte uit Moskou ontvang ten einde verwarring te stig.**

Die ontwikkelings die afgelope maande het duidelik getoon so sê die korrespondent, dat die bende pro-Russies geswaai het omdat hulle blykbaar glo dat hierdie vriendskap vir hulle oorwinning sal meebring. Hierdie berig onderstreep ook die gevolgtrekking wat onlangs in Die O.B. gemaak is.

Binne die Tel Aviv-regering is daar ook 'n invloedryke groep wat ten gunste is van 'n pro-Sowjet-gesindheid vir die Joodse staat en ondersteuning van die Kommunisme dwarsdeur die wêreld.

Hierdie groep staan bekend as die Verenigde Werkers-Party en spruit voort uit 'n linkse politieke amalgamasie wat vroeër vanjaar plaasgevind het.

Die erkende leier van die groep is dr. Mosche Sneh, wat voorheen lid van die Joodse agentskap en hoof van die Haganah was. Hy is ook ten gunste van nouer samewerking met Rusland.

Die sterkte van die Sternbende word op ongeveer 2,000 geskat. In 1945 was hulle ledetal slegs 250.

# Leier Van Terroriste Gevang

**Nadat hy pogings aangewend het om na die buiteland te vlug, is die leier van die Joodse terroristiese Stern-bende die afgelope week saam met een van sy luitenante in hegtenis geneem. Hy is 'n 33-jarige Poolse Jood met die naam van Nathan Friedman Yellin. Die polisie het hom gesoek sedert die moord op graaf Bernadotte.**

Vervalste dokumente, rewolwers, 'n bren-geweer en ammunisie is deur die polisie gevind op een van die plekke waar die terroristiese leier hom skuil gehou het.

Yellin, wat 'n universiteitsgraad het, het in 1942 leier van die bende geword toe die polisie Stern, die leier van die groep, doodgeskiet het. Yellin is na bewering die man wat ook die moord op lord Moyne in Kairo beplan het. Hy is lank deur die polisie gesoek en na bewering het hy sy gelaatstrekke deur 'n operasie laat verander. Gedurende die oorlog is hy in hegtenis geneem maar het saam met sy makkers uit die kamp ontsnap deur 'n lang tonnel te grawe.

## Donkies Geban Uit Naturelle-Gebiede

As deel van die heropbou van die naturelle-reserves is die regering van plan om aan die naturelle voor te skrywe hoe daar opgetree moet word, het kol. C. J. Lever, Kontroleur van Naturelle-nedersettings aan naturellehoofde in Transvaal verklaar.

Die naturelle moet hul beeste verminder en die rasse verbeter en donkies en bokke moet heeltemal van die toneel verdwyn. Slegs bokke vir seremoniële gebruik sal toegelaat word, het hy gesê.

Nadat kol. Lever die hoofde toegespreek het, het etlikes hul instemming met die plan betuig en verklaar dat hulle sal saamwerk.

Oorbeweiding in die naturelle-reserwes weens die besondere rol wat beeste in die naturellegebruik speel, is een van die groot struikelblokke op die pad van ontwikkeling vir die naturellebevolking. Dat van die hoofde tans bereid is om saam te werk, is op sigself al 'n groot stap vooruit.

## Dewey Stel Sy Beleid

Thomas Dewey, die Republikeinse kandidaat vir die Amerikaanse presidentsverkiesing, het die afgelope week sy buitelandse beleid in 'n toespraak uiteengesit. **Hy begeer 'n Verenigde State van Europa wat sterk genoeg sal wees om enige bedreiging van 'n diktator teen te staan. In verband daarmee is hy bereid dat Amerika hulp verleen aan alle vryheidliewende volke ongeag waar.**

Wat Rusland betref, teenoor hom sal opgetree word as 'n sterk gelyke maar hy sal nie toegelaat word om baas te speel nie.

TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY. BPK

'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.

• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.

Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS

HOOFKANTOOR:
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"

AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA

AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG

ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN